GEREFORMEERDE VROUE, WORD WAKKER!

(Jou kerk is gekaap)



Dr Wim Vergeer

Inleiding

Vanjaar (2018) is dit dertig jaar gelede dat die stryd om die erkenning van vroue se volwaardige posisie in Christus formeel in ons kerk begin het. Voorheen was daar reeds stemme wat gevra het om herbesinning oor die plek van vroue in die kerk[1], maar by die Sinode van 1988 het die eerste rapport oor die saak by ’n Sinode gedien[2]. Hierdie rapport, deur van ons beste teoloë, het na deeglike studie onder andere bevind:

- dat daar geen teks in die Bybel is wat die bevestiging van vroue as ampsdraers verbied nie, en
- dat die hele Skrif in sy ontvouing daarop dui dat vroue wel in die besondere dienste mag dien.

Hierdie mooi en suiwer bevindinge is egter sedertdien telkens in (enkel manlike) Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) teengestaan. Baie sprekers, beskrywingspunte en beswaarskrifte het oor baie jare met duidelike argumente en bewyse uit die Skrif aangetoon dat al die ampte vir alle geslagte oopgestel behoort te word. Na ’n aanvanklike toegewing ten opsigte van die diakenamp, het die Sinodes van die GKSA, wat vroue as ouderlinge en predikante betref, deurlopend die Skrifbewyse en argumente van die hand gewys.

Die situasie het so versleg dat dit uit die optrede en besluite van Sinode 2018 duidelik is, dat daar nie onder die bestaande bedeling verwag kan word dat enige beswaarskrif of beskrywingspunt oor die vrou in die amp (VIDA) ’n billike oor by die Sinode sal vind nie. Die Sinode het die houding ingeneem dat die saak reeds hanteer is en dat ’n finale besluit oor VIDA klaar geneem is.

Hierdie “finale besluit” kom daarop neer dat die enkel manlike geslag van die ouderling en predikant tot “’n wesenlike saak” verklaar is (soos die belydenis van Jesus as Verlosser), en dat gelowiges nie hieroor van mekaar mag verskil nie. Almal wat nie met hierdie standpunt saamstem nie, ketter of dwaal dus volgens die Sinode, en moet nie eers verder aangehoor, of in die kerk verdra word nie.

[1] Vgl byvoorbeeld: De Klerk, W.J. 1964. Wending. Potchefstroom : Pro Rege.
[2] Acta 1988:502-523.

In die lig van hierdie "finale besluit" van die Sinode oor VIDA, is dit duidelik dat die kerkordelike weg van beswaarskrifte en beskrywingspunte om VIDA te bepleit, nou grootliks geblokkeer is. As manlike lidmaat van die GKSA wat hom oor 30 jaar vir die saak van VIDA beywer het, roep ek nou die Gereformeerde vrou op om met erns kennis te neem van die ware toedrag van sake. Dit is my oortuiging dat die Sinode van die GKSA oor jare suksesvol deur ('n klein groep) manlike persone met 'n bepaalde standpunt oor VIDA gekaap is, en dat hulle hierdie standpunt met blote getallemeerderheid en sonder oortuigende Skrifbewys met kerkregtelike geweld op al die kerke afdwing.

In hierdie 30 jaar is die stem van die Gereformeerde vrou nooit in die Sinode gehoor nie, en was sy self nooit deel van die besluitnemingsproses nie. By die Sinode van 2006 was daar wel 'n poging om video-getuienis deur Gereformeerde vroue aan die hele Sinode voor te lê[3]. Die Sinode het egter op daardie stadium besluit dat daar nie in die program tyd was om die getuienis aan te hoor nie. (Kort daarna het dieselfde Sinode egter verdaag vir 'n drie uur lange onthaal wat deur die universiteit aangebied is!)

Daarom - so glo ek en verskeie medestanders - het die tyd nou aangebreek dat die Gereformeerde vrou self in aksie moet kom, en dat sy die saak van VIDA op die vlak van elke plaaslike gemeente moet opneem. Dit gaan immers oor haar eie ware posisie as gelowige vrou in Christus. 'n Posisie wat deur die offer aan die kruis bewerk is, en waarvan die apostel Paulus getuig:

"*Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie; in Christus is julle almal een.*"
(Gal 3:28)

Ek hoop en glo dat die inligting in hierdie boekie in die opsig vir jou bruikbaar sal wees.

Wim Vergeer
(Maart 2018)
(wimvergeer@mweb.co.za)
(Tel: 011 954 5170)

[3] Die video, met die titel: Hoor haar stem ook, kan gesien word by **www.youtube.com**/watch?v=s6WZMZ-pWWs

Inhoud

1. Kort oorsig oor die verloop van VIDA die afgelope 30 jaar ..... p. 6
2. Enkele tersake vrae en antwoorde ..... p. 9
3. Is die Sinode gekaap? ..... p. 22
4. Wat kan Gereformeerde vroue op plaaslike vlak doen? ..... p. 26
5. ‘n Slotwoord ..... p. 28

Begrippe en afkortings

Acta - Notule van die Sinode
Deputate - Kommissie deur ’n Sinode aangewys
GKSA - Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
NAV - 1983 Afrikaanse Vertaling
OAV - 1933/53 Afrikaanse Bybel
Rapport - ’n Verslag deur ’n kommissie van die Sinode
VIDA - Vrou in die amp
WCRC - World Communion of Reformed Churches

1. ’n Kort oorsig oor die verloop van VIDA die afgelope 30 jaar

Aanloop
Die Sinode van die GKSA het reeds in 1973 besluit om deputate te benoem om die moontlikheid dat vroue in die verskillende ampte kan dien, te ondersoek. Aan die besluit word egter eers in 1979 uitvoering gegee, toe deputate formeel benoem is. ’n Rapport word in 1985 deur die deputate aan die Sinode voorgelê, maar dit word terugverwys weens “inherente gebreke”.

Sinode 1988
Die hersiene rapport van die deputate word voorgelê. Die rapport bevind onder andere dat daar geen gegewens in die Skrif, belydenis of Gereformeerde kerkreg is wat vroue verhinder om in die amp te dien nie, en dat die hele duiding en boodskap (*skopus*) van die Skrif inderdaad daarop dui dat vroue wel mag dien. Die Sinode besluit dat vroue wel stemreg in die gemeentes mag hê. Die aanbeveling dat vroue wat daarvoor die gawes van die Gees ontvang het wel tot die besondere dienste (ampte) geroep mag word, word egter met afgekeur.

Sinode 1991, 1994, 1997
Verskeie beswaarskrifte word teen die besluit van die 1988 aangehoor, maar word telkens met meerderheid van stemme afgewys.

Sinode 2000
Nog beswaarskrifte word ontvang, maar word met meerderheid van stemme afgewys. Daar word egter wel gevolg gegee aan ’n beskrywingspunt wat versoek dat daar deputate benoem word om te ondersoek oor hoe die Here dan wel die vrou in die kerk wil gebruik.

Sinode 2003
Nog beswaarskrifte word ontvang, maar word met meerderheid van stemme afgewys. Die rapport van die deputate dien en daar word op verrassende wyse besluit dat vroue in die lig van die Skrif wel tot die diakenamp toegelaat mag word. Dele van die rapport en nuwe vrae word egter vir verdere studie verwys.

Sinode 2006
Verskeie beswaarskrifte teen die toelating van die vrou tot die diakenamp word ontvang. ’n Beswaar van Partikuliere Sinode Bosveld teen die besluit slaag met

meerderheid van stemme op ’n tegniese (kerkregtelike) punt. Die rapport van die deputate wat in 2003 benoem is, en wat gereed is om te dien, word derhalwe nie ter tafel geneem nie. Verdere deputate word benoem om in die lig van die Skrif te bepaal of vrou as diaken mag dien of nie mag dien nie.

Sinode 2009

Twee deputate-rapporte met verskillende eksegeses en aanbevelings word ter tafel geneem. Die Sinode neem kennis dat beide eksegeses se vertrekpunte in ooreenstemming met die leer van die kerk is. Die verskille lê op die vlak van “eksegetiese sintese”. Ten spyte van baie sterk aandrang (en ’n gesekondeerde voorstel op die tafel) dat die saak dan aan die vryheid van die kerke oorgelaat moet word, word ’n stemming oor die saak afgedwing. Die Sinode keur dit “in die lig van die Skrif” goed dat vroue met die nodige gawes as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode keur “in die lig van die behandeling van die rapport” af dat vroue as ouderlinge of predikante mag dien.

Sinode 2012

Baie beswaarskrifte word uit die kerke ontvang. Die meeste maak beswaar teen die feit dat die besluit om vroue nie as ouderlinge nè predikante te laat dien nie, sonder oortuigende Skrifbewys, en bloot met meerderheidstem geneem is. Hierdeur word gewetens gebind. Die Sinode sien nie kans om die beswaarskrifte te hanteer nie en verwys dit na deputate wat by die volgende Sinode moet rapporteer. Dieselfde deputate moet ook ondersoek instel na hoe eenheid en verskeidenheid in die kerke hanteer moet word.

Sinode 2015

Nog beswaarskrifte word ontvang. Die deputate oor eenheid in verskeidenheid rapporteer. Die aanbeveling is dat indien ’n saak wesenlik is, gelowiges nie daaroor van mekaar mag verskil nie. Oor nie-wesenlike sake moet gelowiges mekaar egter verdra. Die Sinode besluit (die besluit is egter nooit behoorlik genotuleer nie) met getallemeerderheid dat die enkel manlike geslag van die ouderling en predikant ’n wesenlike saak is waaroor gelowiges nie van mekaar mag verskil nie. Die hele saak en al die beswaarskrifte word gevolglik na ’n spesiale Sinode verwys vir beoordeling.

Sinode 2016

Die spesiale Sinode bevestig deur sy optrede dat dit die enkel manlike geslag van ouderlinge en predikante as ’n wesenlike saak beskou. Al die beswaarskrifte van die vorige twee Sinodes word (meesal met blote getallemeerderheid) op alle gronde afgewys. Uit die antwoorde wat op die besware gegee word, is duidelik dat daar nie regtig erns gemaak is met die oorweging van die besware nie. Die antwoorde is kortaf, dikwels onlogies en sinloos en is in baie gevalle ook nie vanuit die Skrif begrond nie.

Sinode 2018

Nog beswaarskrifte word ontvang. Met duidelike bewyse word aangetoon dat die kerk valse gesag bedien deur bloot met getallemeerderheid en nie op grond van die Skrif besluite te neem nie. Weereens word met goeie eksegese aangetoon dat vrou in al die ampte behoort te kan dien. Die Sinode keur die besware (meesal bloot met getallemeerderheid) op alle gronde af. Die Sinode se houding is duidelik dat daar klaar oor die saak besluit is en dat hulle enige verdere besware bloot met getallemeerderheid sal afwys.

2. Enkele tersaaklike vrae en antwoorde

1. Verbied die Bybel dit êrens dat vroue ouderlinge en predikante mag word?

Nee. Die Sinode het reeds in 1988 bevind dat daar geen teks in die Bybel is wat dit verbied nie.

2. Is daar wel voorbeelde in die Bybel waar vroue as leiers en bedienaars van God se woord opgetree het?

Ja. Alhoewel daar nie baie sulke gevalle is nie, is ondermeer Debora as leier en profetes (Rig 4-5) en Hulda as profetes (2 Kon 22:14) bekend. Daar word ook geredelik aanvaar dat Febe as diaken in die gemeente van Kenchreë gedien het (Rom 16:1). Die diaken Filippus het vier dogters gehad wat die gawe van profesie gehad het (Hand 21:9). Ons Here Jesus het ook die belangrikste boodskap van alle tye - die boodskap van sy opstanding uit die dood - eerste aan vroue toevertrou (Matt 28:9-10).

3. Wat sê die Sinode van bogenoemde voorbeelde

Die Sinode beskou die bogenoemde gevalle as uitsonderings en meen dat die verband tussen hierdie voorbeelde, en die amp van diaken, ouderling en predikant moeilik aangetoon kan word.

4. Maak hierdie antwoord van die Sinode enige sin?

Nee. Van die bogenoemde vroue (soos Debora) het duidelik amptelik, in die Naam van die Here, regeer en God se woord verkondig. Dit is take wat vandag steeds die wese van ouderlinge en predikante se roeping uitmaak.

Die feit dat die Bybel getuig dat hierdie vroue se leierskap en woordbediening onbetwis in hulle eie leefwêreld aanvaar is, dui ook daarop dat sulke amptelike dienswerk deur vroue dalk nie heeltemal so buitengewoon was as wat deur die Sinode aangeneem word nie.

Selfs as hier van uitsonderings sprake is, is dit net logies om aan te neem dat God dan ook vandag nog “uitsonderings” kan maak, en dat die Heilige Gees sy gawes kan gee aan wie Hy wil en wanneer Hy wil.

5. Wat was die situasie in die vroeë Christelike kerk? Het vroue toe wel as ouderlinge en predikante gedien?

Ja. Daar is oorvloedige getuienis uit literêre bronne en grafskrifte dat vroue oral waar Christelike kerke in die eerste 500 jaar nC gestig is, in al die ampte gedien het[4].

6. Wanneer het hierdie praktyk dat vroue in al die ampte mag dien, dan in onbruik verval?

Met die opkoms en vestiging van die Rooms Katolieke Kerk is die "kerklike gesag" na die man, die priester, die biskop, die kardinale en die pous in Rome verplaas[5]. Die reformasie van die Roomse ampsbeskouing is dus nog nooit volledig deurgevoer nie.

7. Waarom word vroue dan in die GKSA verhinder om as ouderlinge en predikante te dien?

Vroue word verhinder op grond van bepaalde afleidings wat die Sinode oor veral twee Skrifgedeeltes maak, naamlik 1 Timoteus 2:9-15 en 1 Korintiërs 14:26-40

8. Watter afleidings maak die Sinode uit 1 Timoteus 2:9-15?

1 Timoteus 2:9-15 (OAV)

"*So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie, maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke. Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom. Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid.*"

Die Sinode maak uit 1 Timoteus 2:9-15 die afleiding dat vroue verbied word om in die erediens te leer deur te regeer. Die Sinode sê dat vroue wel in die kerk mag

[4] Vergelyk die letterlik honderde voorbeelde in Eisen, U.E. 2000. Women Officeholders in Early Christianity. Epigraphical and Literary Studies. Collegeville : Liturgical Press.

[5] Vroue word in die RKK wel nog toegelaat om leiers te wees en te preek, maar hulle mag nie die sakramente bedien nie.

regeer en leer (deur as diakens te dien), maar dat hulle nie in die erediens mag regeer deur te leer (as ouderlinge of predikante) nie[6]

9. Kan hierdie afleiding wat deur die Sinode gemaak word aanvaar word?

Nee, glad nie. Die Sinode se afleiding is heeltemal in stryd met wat die Griekse teks van 1 Timoteus 2:9-15 toelaat. In sy toepassing van die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 is die Sinode ook verkeerd, willekeurig en inkonsekwent.

10. Waarom is die Sinode se afleiding uit 1 Timoteus 2:9-15 in stryd met wat die Griekse teks toelaat?

Die Griekse teks van 1 Timoteus 2:12 sê baie duidelik dat vroue nie mag "leer of regeer" nie. In hierdie spesifieke Griekse konstruksie ("nie ... en ook nie ... nie") word twee aktiwiteite ("leer" én "regeer") selfstandig en naas mekaar verbied. Die Sinode se uitleg dat hier bedoel word dat vroue nie mag regeer deur te leer nie, is dus verkeerd en word nie deur die grammatika van die teks ondersteun nie. In geen Griekse dokument ooit (van 5000 v.C. tot 800 n.C.) is daar 'n enkele voorbeeld dat twee aktiwiteite in hierdie spesifieke taalkonstruksie mekaar nader verklaar soos die Sinode sê nie. Telkens word die genoemde twee aktiwiteite selfstandig en naas mekaar verbied.

11. Is hierdie probleem ooit aan die Sinode uitgewys?

Ja. 'n Beswaar in hierdie verband is by Sinode 2015 aangehoor. Die Sinode se reaksie was dat "dit nie beteken dat die twee aktiwiteite wat verbied word niks met mekaar te doen het nie - en gaan dan voort om dit toe te pas op "inbreek" en "steel". 'n Mens kan byvoorbeeld inbreek deur te steel, sê die Sinode[7].

12. Maak hierdie antwoord van die Sinode enige sin?

Nee, hoegenaamd nie. Die Sinode mis die punt. Die vraag is nie of "leer" en "regeer" aktiwiteite is wat iets met mekaar te doen het nie. Die vraag is of die Griekse teks hier as 'n verbod op een enkele aktiwiteit "leer deur te regeer" verstaan kan word. Die duidelike antwoord uit alle Griekse grammatikas en bronne is 'n klinkklare "NEE"! In hierdie spesifieke Griekse konstruksie word beide

[6] Acta 2009:641-642
[7] Acta 2016:117-118

aktiwiteite selfstandig en naas mekaar verbied. Enige ander verklaring is in stryd met wat die teks van die Bybel toelaat.

Die onhoudbaarheid van die Sinode se antwoord word verder duidelik as die verduideliking van “inbreek” en “steel” wat deur die Sinode aangebied is, ontgin word. Die Sinode se amptelike verklaring van 1 Timoteus 2:9-15 is dat vroue wel mag leer en regeer (deur diakens te wees), maar nie mag regeer deur te leer (as ouderlinge nie). Indien hierdie selfde wyse van verklaring op die voorbeeld van “inbreek” en “steel” toegepas word, word die onsinnige (en onetiese) konklusie bereik dat ’n mens wel mag “inbreek” en mag “steel”, maar nie mag “steel deur in te breek” nie!

13. Wat is dan die regte en geldige verklaring en toepassing van 1 Timoteus 2:9-15 se verbod aan vroue om nie te leer of te regeer nie

Daar is net twee moontlikhede.

a) of die voorskrifte moet gesien word as ’n totale verbod. Vroue mag dan glad nie en op geen wyse of op enige plek leer of regeer nie. Geen vrou dien dan in enige amp nie. Vroue mag dan ook nie in die samelewing leer of regeer nie. Hierdie verbod geld dan vir altyd.

b) of die verbod op leer en regeer moet gesien word as tydgerigte voorskrifte wat saam met die ander voorskrifte in hierdie gedeelte spesifiek op die eerste-eeuse hoorders en hulle situasie (die vroue van Efese) van toepassing is. Geldige hermeneuse (toepassing van die Skrif) moet dan uitmaak hoe hierdie voorskrifte vandag betekenis het.

14. Waarom noem jy die Sinode se toepassing van 1 Timoteus 2:9-15 verkeerd

Omdat die Sinode die voorskrifte in hierdie gedeelte enkel en alleen toepas op die erediens.

15. Hoe kan hierdie toepassing verkeerd wees, aangesien die NAV duidelik in Vers 11 sê: “’n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer”

Die woorde “in die erediens” kom glad nie in die Griekse bronteks voor nie, maar is ’n invoeging deur die vertalers van die NAV. Die Sinode laat hom dus in sy verstaan van hierdie gedeelte deur ’n Afrikaanse vertaling lei, en nie deur behoorlike eksegese van die Griekse bronteks nie.

Hierdie invoeging is verder verkeerd omdat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 sake aanspreek soos kleredrag, persoonlike versiering, goeie werke en kindergeboorte. Dit is duidelik sake wat op die algemene gedrag van vroue in die samelewing van toepassing is en nie op die erediens nie.

16. Maar die NAV sê tog in die voorafgaande Vers (1 Tim 2:8) dat mans "by <u>elke plek van samekoms</u>" met 'n skoon gewete moet bid. Dan gaan dit mos om voorskrifte vir die erediens vir mans en vroue.

Nee. Ook die woorde "plek van samekoms" kom nie in die Griekse bronteks voor nie, en is 'n invoeging deur die vertalers van die NAV.

Die Griekse teks sê slegs dat mans "op elke plek" met 'n skoon gewete moet bid. Die uitdrukking "op elke plek" word op drie ander plekke deur Paulus gebruik (1 Kor 2:1; 2 Kor 2:14; 1 Tess. 1:8). Nêrens is die betekenis "erediens" nie, telkens word net lokaliteit (plek) aangedui.

17. Maar dit gaan dan tog oor voorskrifte aan mans waar hulle bid. Is die erediens dan nie veronderstel nie?

Nee. Anders as vandag, was dit in die leefwêreld van die eerste eeu nie vreemd vir mense om op enige plek in die openbaar te bid nie. In die Nuwe Testament is daar voorbeelde van mense wat bid op straathoeke (Matt 6:5), in die berge (Luk. 6:12), in 'n tuin (Mark 14:32), onder 'n vyeboom (Mark 11:24), in die huis (Hand 9:11), op die dakstoep (Hand 10:9), in die binnekamer (Matt 6:6) en in die tronk (Hand 16:25). Die erediens kan dus nie as enigste aanbiddingsplek veronderstel word nie.

18. Wat is die Sinode se antwoord op die argumente dat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 vir die algemene lewe bedoel is?

Die Sinode sê dat dit nie beteken dat hierdie voorskrifte nie ook vir die erediens geld nie.

19. Kan hierdie antwoord deur die Sinode aanvaar word?

Hierdie antwoord kan slegs dan aanvaar word as die Sinode konsekwent is, en duidelik aantoon hoe die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 ook vandag nog vir vroue se gedrag in die algemene samelewing geld. Die Sinode doen dit egter nie.

20. Waarom noem jy die Sinode se verklaring van 1 Timoteus 2:9-15 willekeurig?

Die Sinode se selektiewe toepassing van net sekere van 1 Timoteus 2:9-15 se voorskrifte - en dan net op die erediens - en verder ook net op ’n sekere deel van die erediens (prediking) - sonder om die implikasies van hierdie voorskrifte vir vroue se algemene lewe uit te spel, versterk die vermoede dat die Sinode nie hierdie Skrifgedeelte behoorlik wil verstaan en toepas nie, maar eerder daarop uit is om ten alle koste ’n teks te vind om vroue uit die amp te weer.

Dit is onbehoorlik en eksegeties onverantwoordbaar dat die Sinode slegs twee voorskrifte (nie “leer” of “regeer”) in 1 Timoteus 2:9-15 neem en dit met kerkregtelike geweld as ewige maatreël op alle vroue in die kerke afdwing, terwyl dit die ander voorskrifte (oor hare en kleredrag en versierings) in hierdie gedeelte totaal ignoreer.

21. Waarom noem jy die Sinode se toepassing van 1 Timoteus 2:9-15 inkonsekwent?

Terwyl die Sinode hom beroep op ’n teks wat vrou verbied om te leer en te regeer, pas hulle glad nie hierdie verbod konsekwent toe nie.

Vroue “regeer” saam met mans in die GKSA deur die feit dat hulle stemreg in die gemeentes het. Vrouediakens regeer ook as hulle as deel van die kerkraad saam help om besluite te neem. Verskeie vroue in die kerkverband regeer as sameroepers van kommissies of diensgroepe.

Vroue “leer” saam met die gemeente wanneer hulle hulle geloof bely en wanneer hulle mekaar onderrig deur psalms, lofgesange en geestelike liedere te sing. In die meeste gemeentes is dit ook vroue wat die grootste deel van die kategete uitmaak en dus besig is om te “leer”.

Niks verhinder verder ’n predikant om eksegetiese materiaal of oordenkings wat deur vrouelike teoloë geskryf is, in die voorbereiding vir sy preke te gebruik nie. Die insigte en woorde van vroue mag dus wel in die erediens gebruik en gehoor word, net die vrou self - word deur die (enkel manlike) Sinode van die kansel geweer.

Hierdie inkonsekwente toepassing van die Skrif is suspisieus, grens aan die belaglike en maak die Sinode en sy besluite ongeloofwaardig in die oë van die gewone lidmaat.

22. Maar die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-12 word tog in 1 Timoteus 2:13-15 baie duidelik gemotiveer. En dit deur uitsprake wat betrekking het op die skepping, sondeval en verlossing.

1 Timoteus 2:13-15

"Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. (Skepping)

En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom. (Sondeval)

Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid." (Verlossing)

Hierdie is inderdaad 'n vraagstuk wat moeilik (maar nie onmoontlik is nie) om te verstaan. Dit is eerstens baie belangrik om in te sien dat die boodskap van hierdie verse nie ooreenstem met wat in die res van die Skrif geleer word nie.

Skepping (1 Tim 2:13): Nêrens leer die Bybel dat die volgorde waarin man en vrou geskape is, betrekking het op gesag van die een oor die ander nie. Die heerskappy van die man oor die vrou, is die gevolg van die sondeval (Gen 3:16) en is nie 'n resultaat van die skeppingsvolgorde nie. God se skeppingsbedoeling was baie duidelik van die begin af dat man en vrou mekaar se gelyke helpers moet wees (Gen 2:18, 20).

Sondeval (1 Tim 2:14): Nêrens in die Bybel word Eva as "meer doemwaardig" as Adam voorgestel nie. Die Skrif sê duidelik dat Adam by Eva was toe die sondeval plaasgevind het (Gen 3:6). Die apostel Paulus sê dan ook in Romeine 5 dat die dood deur Adam in die wêreld gekom het.

Verder is die gedagte wat deur Vers 14 geïmpliseer word, naamlik dat vroue makliker verlei kan word en daarom nie moet "regeer deur te leer" nie, ewe vreemd aan die Skrif.

Verlossing (1 Tim 2:15): Die idee van om gered te word (letterlik) "deur kindergeboorte" is vir gelowiges vreemd en onaanvaarbaar. Die enigste verlossing is deur die geloof in Jesus Christus[8].

23. Maar waar kom hierdie drie vreemde (motiverende) uitsprake in 1 Timoteus 2:13-15 dan vandaan? Hulle is dan tog ook deel van die Bybel!

Terwyl die res van die Skrif nie die gedagtes wat in die drie motiverende uitsprake in 1 Timoteus 2:13-15 voorkom, ken of ondersteun nie, kom hierdie (en

[8] Dit mag egter wees dat hierdie vers bedoel dat ook die vrou [Eva] gered word deur die Kind [Jesus Christus] wat uit haar saad gebore word.

soortgelyke) uitsprake wel algemeen in die Joodse leefwêreld van die eerste eeu voor. Volgens die eerste-eeuse Judaïsme is die vrou inderdaad deur skeppingsvolgorde aan die man onderwerp, is sy die groot skuldenares wat deur haar verleiding die dood in die wêreld gebring het, maar kan sy wel redding vind deur die (goeie werk) van kinders in die wêreld bring en opvoed.

In 1 Timoteus 2:13-15 het ons dus met ’n spesifieke (eerste-eeuse) Joodse interpretasie van die skepping, sondeval en verlossing te doen. Hierdie feit word bevestig deur die jongste weergawe van die Griekse bronteks, wat 1 Timoteus 2:13-15 as ’n aanhaling aandui[9]. Die aanduiding van hierdie gedeelte as ’n aanhaling, is nie willekeurig nie, maar word deur taalkundige, stilistiese en inhoudelike analises ondersteun[10].

24. Maar waarom sou die apostel Paulus sy opdragte aan vroue motiveer deur ’n aanhaling wat uit die Joodse leefwêreld van daardie tyd kom?

As ’n mens mooi hieroor nadink - kan daar eintlik net een antwoord wees:

Die vroue van Efese (aan wie die opdragte in 1 Timoteus 2:9-15 primêr gerig is) het in ’n leefwêreld gewoon waarin ’n spesifieke Joodse uitkyk op die vrou dominant was. Paulus wil juis hê dat Christene in hierdie leefwêreld hulleself volgens heersende standaarde voorbeeldig[11] moet gedra, sodat hulle nie aanstoot gee nie, maar geloofwaardige getuies van Jesus Christus kan wees, om sodoende baie mense te red (1 Tim 2:3).

In hierdie breë konteks moet die plek en betekenis van die voorskrifte aan vroue en ook die motivering van hierdie voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 dan verstaan word. Hulle is nie bedoel as ewig-geldende reëls wat vroue vir alle tye moet volg nie, maar is spesifieke voorskrifte vir ’n bepaalde leefwêreld om die verkondiging van die evangelie in daardie spesifieke leefwêreld te fasiliteer en te bevorder.

Wanneer hierdie voorskrifte wel (en verkeerdelik) as ewiggeldend hanteer word - en vroue in ons leefwêreld vandag, gedwing word om te swyg, om nêrens te leer of te regeer nie, om nie goud of pêrels te dra of hulle hare te vleg nie, en om hulle redding in kindergeboorte te vind - word presies die teenoorgestelde bereik as

[9] Die GKSA werk op hierdie stadium in opdrag van die Sinode aktief mee aan die vertaling van hierdie bronteks (UBS[27]) - die sogenaamde Direkte Vertaling. Dit impliseer ook dat hierdie bronteks deur die Sinode as betroubaar en gesaghebbend aanvaar word.

[10] Vergelyk Vergeer, W.C. 2016. The Redeemer in an “Irredeemable Text” (1 Timothy 2:9-15) in *Neotestamentica* 50(1):71-87. (Veral p. 77-81).

[11] Die aandrang dat gelowiges hulle voorbeeldig moet gedra, kom op baie plekke in die Pastorale Briewe voor (bv. 1 Tim 2:2, 5:7, 6:1; Tit. 2:5,8).

wat Paulus in 1 Timoteus 2 in gedagte gehad het. Die evangelie van Jesus Christus en die Christelike getuienis sal in diskrediet kom en ongeloofwaardig wees.

1 Timoteus 2:9-15 (reg verstaan) kan en mag dus glad en geheel nie gebruik word om vroue uit die amp van ouderling of predikant te weer nie.

25. Watter afleidings maak die Sinode uit 1 Korintiërs 14:26-40?

1 Korintiërs 14:33b-35 (NAV)

"Soos in al die Christelike gemeentes moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê. As hulle iets te wete wil kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir 'n vrou om in die erediens te praat."

Die Sinode maak uit hierdie Skrifgedeelte die afleiding dat vroue in die erediens moet swyg en dus nie as predikante of ouderlinge mag dien nie.

26. Waarom kan hierdie afleiding nie sonder meer aanvaar word nie?

Omdat vroue ingevolge 1 Korintiërs 11:5 wel toegelaat word om in die erediens te bid en te profeteer. Aangesien die Bybel nie teenstrydig is nie, kan die opdrag aan vroue in 1 Korintiërs 14 om stil te bly dus nie as 'n totale verbod op enige spreke in die erediens verstaan word nie.

27. Wat is die Sinode se verstaan van 1 Korintiërs 11:5?

Die Sinode beweer dat die profetering deur vroue waarvan 1 Korintiërs 11:5 praat 'n spontane "nie-amptelike" optrede is, wat nie met amptelike woordbediening in verband staan nie.

28. Kan hierdie verklaring deur die Sinode aanvaar word?

Nee, glad en geheel nie. Daar is nêrens enige aanduiding in 1 Korintiërs 11 of 14 (of in die res van die Skrif) dat profesie deur vroue minder "amptelik" is as 'n profesie deur mans nie. Verder word die gawe van profesie in 1 Korintiërs 14 juis uitgesonder bo al die ander gawes van die Gees - as 'n gawe waarop alle gelowiges hulle moet toelê (1 Kor 14:24, 31). Die hele gemeente (mans en vroue) word opgeroep om te profeteer omdat dit die manier is waarop God die gemeente deur sy woord opbou, en ongelowiges tot bekering geroep word.

Die Sinode se verklaring dat alleen die profetering deur vroue “spontaan en nie-amptelik” is, is ’n goeie voorbeeld van inlegkunde[12] (.)

29. Is hierdie beswaar al aan die Sinode voorgelê?

Ja, by herhaling en ook met duidelike eksegetiese begronding. Die Sinode het egter telkens (ook in 2018 weer) die beswaar sonder behoorlike eksegetiese weerlegging bloot deur te stem van die hand gewys.

30. Is daar ander aanduidings dat die opdrag aan vroue in 1 Korintiërs 14 om stil te bly nie ’n totale verbod op alle praat is nie?

Ja seker! As die hele 1 Korintiërs 14:26-40 in oënskou geneem word, is dit baie duidelik dat slegs ’n spesifieke soort “praat” hier bedoel word.

Eerstens is dit belangrik om op te let dat dit in hierdie gedeelte gaan om die goeie orde van die samekomste van die gemeente (Vers 32 en 40).

Tweedens moet ons raaksien dat die opdrag om stil te bly nie net aan vroue gegee word nie, maar inderdaad drie keer in hierdie gedeelte voorkom (Vers 28, 30 en 34). Hierdie drie opdragte raak telkens ’n ander deel van die samekoms en bepaal die goeie orde waarvolgens daar gepraat en stilgebly moet word.

In Vers 28 gaan dit oor wie moet praat en wie moet stilbly as daar ongewone tale of klanke gebruik word.

In Vers 30 gaan dit oor wie moet praat en wie moet stilbly as daar geprofeteer word.

In Vers 34 gaan dit oor wie moet praat en wie moet stilbly as ’n profesie beoordeel word. Vir <u>getroude</u> vroue geld die opdrag dan dat as ’n profesie beoordeel word, en “hulle iets te wete wil kom” dat hulle op daardie punt eerder tuis <u>hulle eie mans</u> moet vra omdat dit “lelik” is vir ’n (getroude) vrou om in die gemeente te praat.

31. Wat beteken die opdrag in Vers 34 dan vir vroue vandag?

Let eerstens daarop dat die element van die samekoms waarvoor Paulus in Vers 34 voorskrifte gee nie meer vandag deel is van ons eredienste nie. Die eerste Christene het in ’n tyd geleef toe die Bybel (soos ons dit vandag ken) nie bestaan

[12] Die praktyk waarvolgens gedagtes wat nie in die teks van die Bybel staan nie, in die Bybel ingelees word, om ’n bepaalde standpunt (bv. dat vroue nie ouderlinge of predikante mag word nie) te bevorder.

het nie. God het Hom tydens die samekomste deur ’n taal of profesie geopenbaar, waarna die gemeente saam besin (beoordeel) het oor die uitleg en betekenis daarvan. Dit was by daardie geleentheid wat getroude vroue (as teken van respek teenoor hulle eie mans, en om openbare verskil van mening tussen getroudes te vermy) eerder nie moes praat nie.

Beoordeling van profesieë en selfs preekbespreking is egter nie vandag meer formeel deel van ons eredienste nie. Daarom is dit verkeerd om uit hierdie spesifieke voorskrifte af te lei dat vroue nie ouderlinge of predikante mag word nie (veral in die lig van die feit dat hulle wel toegelaat is om te profeteer!)

32. Maar die Bybel sê tog baie duidelik dat die man die hoof is van die vrou. Dan is dit mos verkeerd as ’n vrou (as ouderling of predikant) ’n man uit die Bybel leer.

Die Bybel sê inderdaad dat die man die hoof van die vrou is (bv. 1 Kor 11:2-16). Twee sake moet egter duidelik onderskei word.

Eerstens moet bepaal word of die Bybel bedoel dat alle mans die hoof van alle vroue is. Die antwoord is ’n klinkklare “nee”. Anders sou alle Christenvroue byvoorbeeld aan enige Hindu of Moslem-man onderdanig moes wees, bloot op grond van sy manlikheid. Wie die Skrif reg verstaan moet toegee dat dit die getroude man is wat hoof van sy eie vrou is, en nie alle mans wat die hoof van alle vroue is nie.

Tweedens moet bepaal word watter soort hoofskap hier sprake is. Die Bybel stel duidelik die dienende en opofferende hoofskap van Jesus Christus as voorbeeld vir die hoofskap van die Christelike man ten opsigte van sy eie vrou (Ef 5:25-29). Hierdie hoofskap staan teenoor die heerskappy van die man oor die vrou wat die gevolg van die sondeval is (Gen 3:16) en wat vandag allerweë as diskriminasie teen vroue in die samelewing voorkom (as patriargie). Die leiding en gesag wat daar van die Christen-man as hoof in sy huwelik uitgaan, fundeer dus in die gesag van Jesus Christus as die woord van God, en nie in die manlikheid van die man nie.

Enigiemand (man, vrou of kind) wat suiwer uit die woord van God leer, kom dus met die gesag van die woord, en nie met die gesag van sy of haar manlikheid of vroulikheid nie. Ons luister en onderwerp ons aan die lering van ’n predikant of ouderling omdat hulle die woord van God bring, en nie omdat hulle mans (of vrouens) is nie. Die geslag van die persoon behoort dus geensins ’n rol te speel in die toelating tot enige amp nie.

24. Wat behoort dan wel ’n rol te speel in die verkiesing en bevestiging van ampsdraers in die kerk

Alleen maar die gawes wat die Heilige Gees aan mense gee. Die Nuwe-Testamentiese kerk is een en al die werk van die Heilige Gees en deel van God se nuwe skepping in Christus. Niks van die natuurlike, onweergebore mens self maak hom of haar bekwaam of moet ’n voorwaarde wees om in God se kerk te dien nie - ook nie sy of haar geslag waarmee hulle gebore is nie.

25. Is daar ander Skrifgedeeltes wat daarop dui dat geslag nie ’n rol behoort te speel in die verkiesing en bevestiging van ouderlinge en predikante nie?

Ja, verskeie. Die belangrikste hiervan is Galasiërs 3:28, wat leer dat gelowiges se eenheid in Christus swaarder weeg en uitgaan bó enige verskille in stand, ras of geslag.

Galasiërs 3:28 (NAV)

“*Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie; in Christus Jesus is julle almal een.*”

26. Hoe sien die Sinode hierdie gedeelte?

Die Sinode bevind dat hierdie gedeelte nie handel oor die kwessie of die vrou in die besondere dienste mag dien nie al dan nie, maar slegs aandui dat alle Christene in die verbondsbeloftes van Abraham deel[13].

27. Is dit die enigste moontlike insig in hierdie gedeelte?

O, nee! Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WCRC) (wat saam ongeveer 80 miljoen Gereformeerdes vanoor die hele wêreld verteenwoordig) het op sy 2017-vergadering te Erfurt, Duitsland, op grond van hierdie Skrifgedeelte die volgende bevind:

“All who are called into faith and baptized into Christ's body have become one family where human barriers accepted by society must fall.

We know from the book of Acts how difficult a struggle it was for those early Christians to accept that the barrier between Jews and Gentiles, previously sanctioned by religion, had been broken by the work of the Holy Spirit. Yet a clear decision was made that Gentiles given the gift of faith must be accepted into the community without circumcision.

[13] Acta, 2009:625.

Some of our churches were still struggling in the late nineteenth century with the implications of that phrase "no longer slave or free," but the teaching of the Bible eventually led them to decide that slavery was morally wrong and that Christians could not be slave-holders.

It took another century for some of our churches to understand that the racial barrier has also been broken by the Holy Spirit, and there can be no racially segregated churches. Our Reformed family at the WARC General Council in Ottawa in 1982 declared that apartheid (which had extended to church structures) is sin, and justifying it morally and theologically is "a travesty of the Gospel, and in its persistent disobedience to the Word of God, a theological heresy."

We now are at a moment in history when our churches must declare that among the baptized there is no longer male and female. This means that men can no longer be exclusively privileged with church leadership."

In die lig van bostaande (en ander eksegese) besluit al die lidkerke van die WCRC dan ook om binne die volgende 7 jaar al die ampte vir al die geslagte oop te stel!

Samevatting

Daar bestaan sekerlik baie ander vrae en antwoorde wat oor die vraagstuk van die geslag van die ampsdraer in die kerk geopper kan word. Net so, is daar sekerlik ook ander menings oor VIDA. Nogtans bied die bostaande inligting en bespreking genoegsame bewys dat die Sinode van die GKSA se argumente en eksegese op grond waarvan vroue uit die amp van ouderling en predikant geweer word, swak, inkonsekwent en selfs onhoubaar is. Om op grond van sulke gebrekkige eksegese die manlike geslag van die ampsdraer tot wesenlike saak te verklaar, is verkeerd. Dit is tragies en onverskoonbaar dat die Sinode ten spyte van oortuigende besware en eksegetiese bewyse tot die teendeel, daarin volhard om in sy uitleg van verskillende Skrifgedeeltes die patriargie (die heerskappy van alle mans oor alle vroue) in die Bybel in te lees, en dit dan as 'n sogenaamde "wesenlike saak" met blote getallemeerderheid as Sinodebesluite op al die kerke af te dwing. Hierdie standpunt (voortgesette patriargie) word dan dikwels aangebied onder die vaandel van "die ware Bybelse plek van die vrou".

Hierdie optrede (veral tydens die drie laaste sinodes) het die vermoede laat ontstaan dat die Sinode van die GKSA in 'n groot mate deur 'n bepaalde groep persone gekaap is - persone wat dit as hulle missie beskou om teen alle beterwete in, en ten alle koste, die vrou uit die amp van ouderling en predikant te weer.

3. Is die Sinode gekaap?

Dit is duidelik dat die getallemeerderheid in die Sinode van die GKSA ’n sleutelrol speel in die verhindering van Gereformeerde vroue om as ouderlinge en diakens te kan dien. Maar, wat is ’n Sinode, en hoe word dit saamgestel?
’n Sinode is ’n meerdere vergadering van kerke. In die GKSA kom die Sinode elke drie jaar byeen. Die afvaardiging geskied deur die Streeksinodes wat elkeen 20 ouderlinge en 20 predikante afvaardig. Daar is sewe Streeksinodes. Die Streeksinodes bestaan uit afgevaardigdes van die verskillende klassisse, wat weer op hulle beurt uit ’n afgevaardigde ouderling en predikant van elke gemeente in daardie klassis bestaan.
Die Sinode kan dus glad nie daarop aanspraak maak dat dit al die gemeentes of lidmate verteenwoordig nie. Gemeentes van 500-2000 lidmate word dikwels glad nie by Sinodes verteenwoordig nie, terwyl gemeentes van minder as 80 lidmate partykeer tot vier afgevaardigdes by die Sinode het.
Opmerklik is verder ook dat die Sinodes (ondanks verskeie pleidooie om dit te verander) altyd presies op dieselfde tydstip gehou word, naamlik wanneer die skole en besighede in Januarie heropen. Geen ouderling wat aktief in die samelewing betrokke is of wat met kinders werk, kan dus met gemak die Sinode bywoon nie. Die gevolg is ’n ouderlingafvaardiging wat grootliks uit afgetrede persone bestaan. Dikwels is dieselfde persone keer op keer by Sinodes.
Dit is dus glad nie vanselfsprekend dat die standpunt van die meerderheid by die Sinode, dieselfde is as die standpunt van die meerderheid Gereformeerde lidmate in al die gemeentes nie. Inteendeel, ek is oortuig dat as al die belydende lidmate van die GKSA ’n stem kon uitbring, dat ’n oorweldigende meerderheid ten gunste van die vrou in alle ampte sou stem. Daarom beweer ek dat die Sinode van die GKSA deur ’n klein groepie verbete teenstanders van VIDA gekaap is.
So ’n bewering is natuurlik ’n skokkende aanklag. Is daar ander bewyse om hierdie bewering te staaf?
Die oortuiging dat die Sinode deur ’n bepaalde groep mense met ’n bepaalde standpunt (teen VIDA) oorgeneem word, het sedert 2009 by my posgevat na aanleiding van persoonlike gesprekke wat ek met verskeie afgevaardigdes tydens verskillende Sinodes gehad het. Uit hierdie gesprekke kon ek die volgende aflei:

- Die meerderheid van die ouderlinge met wie ek gepraat het, het nie die beswaarskrifte teen die Sinode-besluit (om vroue uit die amp van ouderling en predikant te weer) gelees nie.

- Die ouderlinge wat nie die beswaarskrifte gelees het nie was nogtans amper eenstemmig in hulle oortuiging dat hulle teen die beswaarskrifte moes stem.
- Die redes wat aangevoer is, was in sommige gevalle bloot die persoonlike aanvoeling, dat vroue-ouderlinge en predikante “verkeerd” is.
- In verskeie ander gevalle is daar egter ook erken dat hulle teen die vrou in die amp gaan stem, omdat hulle opdrag van hulle kerkraad of predikant gehad het om dit te doen.
- Daar was duidelike aanduidings dat daar in sommige klassisse en moontlik selfs streeksinodes vooraf onderling ruggespraak gehou is oor wie na die Sinode afgevaardig moet word, met die uitsluitlike doel om nie persone wat die saak van VIDA goedgesind is af te vaardig nie, en om sodoende ’n meerderheid teen VIDA in die Sinode te bewerk.

Al bogenoemde berus op hoorsê, en kan dus nie op sigself as bewys dien dat die Sinode inderdaad gekaap is nie. Tog is daar ook feitlike bewyse wat in hierdie verband aangebied kan word.

Bewys 1

Dit is uit statistieke van die laaste 5 Sinodes duidelik dat al minder persone die Sinodes bywoon en dat al minder persone dus die besluite neem wat vir die hele kerkverband moet geld.

Sinode	Aantal predikante	Aantal ouderlinge	Totaal
2009	142	121	263
2018	122	92	214

Bewys 2

Onder bogenoemde kleiner getal besluitnemers was daar oor die jare verder ’n toenemend kleinerwordende getal nuwelinge (persone wat nie voorheen by ’n Sinode was nie). Vanuit Streeksinode Bosveld en Pretoria was daar byvoorbeeld in die afgelope 10 jaar slegs 14 predikante-nuwelinge by die Sinode. Verdeel tussen die 5 Sinodes wat in hierdie tyd plaasgevind het, is dit maar 2,8 nuwelinge per Sinode.

’n Ongesonde kultuur van geestelike inteelt is die resultaat. Nuwe stemme of idees word feitlik nie gehoor nie, of word onder die druk van die getalle in die kiem gesmoor.

Sinode	Nuweling-predikante	Nuweling-ouderlinge
2012	42	86
2018	20	42

Bewys 3

'n Relatief klein groepie predikante domineer oor die afgelope 10 jaar die Sinodes van die GKSA, asook die besluite wat daar geneem word. Die afgelope 5 Sinodes van die GKSA het in totaal byvoorbeeld 1325 potensiële predikante-bywoners gehad. In werklikheid het egter slegs 'n totale getal van 253 predikante in hierdie tydperk (van 10 jaar) aan die Sinodes deelgeneem.

As in gedagte gehou word dat daar onder hierdie 253 afgevaardigde predikante ook persone is (moontlik 30% of meer) wat ten gunste van VIDA is, dan is dit eintlik 'n verstommende klein minderheid van die totale aantal predikante wat namens die hele kerkverband besluite neem. Die kleinerwordende aantal nuwelinge in hierdie groep besluitnemers dui verder daarop dat 'n klein aantal predikante van ongeveer 40-50 predikante hulle by die Sinodes van die GKSA goed gevestig en strategies geposisioneer het om vroue uit die amp te weer.

Bewys 4

Die Sinodes van die GKSA het in die afgelope 10 jaar 'n toenemend harde standpunt teen die vrou in die amp ingeneem.

By die Sinode van 2009 was dit nog aanvaar dat daar twee standpunte oor VIDA bestaan, wat deur 2 eksegeses ondersteun word. Hierdie eksegeses is beide Skrifgetrou en Gereformeerd bevind[14]. (Op 'n tragiese wyse is 'n stemming toe tussen die twee standpunte afgedwing, wat op 'n skrale getallemeerderheid teen VIDA uitgeloop het.)

Teen Sinode 2018 het hierdie gematigde standpunt egter al so verander en verhard, dat die enkel manlike geslag van die ouderling en predikant deur die Sinode tot 'n wesenlike saak verklaar en ook so hanteer is. Die Sinode se huidige standpunt beteken formeel dat gelowiges nie hieroor van mekaar mag verskil nie - 'n standpunt ten gunste van VIDA kan glad nie in die kerk verdra word nie. Enige lidmaat of gemeente wat bloot hierdie standpunt huldig (al word daar nie in die praktyk daaraan uitvoering gegee nie) dwaal volgens die Sinode, en kan getug of uit die GKSA geban word.

Die beswaarskrifte wat wel nog deur die Sinode ter tafel geneem is, is na kommissies verwys waarvan die meerderheid lede dikwels persone was wat teen VIDA gekant was en waarvan die voorsitter dikwels 'n bekende felle teenstander van die saak was. Die voorspelbare negatiewe aanbevelings van hierdie kommissies aan die Sinode (hoe swak en ondeurdag ook al) is dan in die Sinode gerubberstempel (bloot met getallemeerderheid aanvaar).

[14] Acta 2009:664

Ons moet dus ongelukkig konkludeer dat ’n klein groepie mense oor die afgelope 10 jaar die Sinodes van die GKSA suksesvol vir hulle standpunt gekaap het, en dat hulle in so ’n mate daarin geslaag het om hulle standpunt in die besluitneming te te laat geld, dat dit (onder die huidige bedeling) weinig sin het om weer met die saak van VIDA na ’n Sinode toe te gaan.

4. Wat kan die Gereformeerde vrou dan doen?

Eerstens, baie dankie dat jy die dokument tot hier gelees het. Deur aandag en tyd aan die saak te gee en kennis te neem van argumente en standpunte, het jy alreeds iets gedoen. Jy het jouself toegerus oor ’n saak wat alle Gereformeerde vroue ingrypend raak. ’n Saak waarin hulle vir te lank nie ’n sê gehad het nie, waarby hulle vir te lank onbetrokke was en waaroor hulle te lank geswyg het.
As jy saam met my oortuig is van hierdie goeie saak, wil ek tweedens vra dat jy help om hierdie dokument verder te versprei. Jy kan dit doen deur ’n elektroniese weergawe hiervan (op aanvraag gratis verkrygbaar by wimvergeer@mweb.co.za) aan ander Gereformeerde vroue, familie, dogters of kleindogters te stuur. Ek gee ook toestemming dat hierdie dokument gedupliseer en uitgedruk mag word. Jy kan papierkopieë hiervan uitdeel aan vroue wat nie toegang tot elektroniese media het nie.
Derdens wil ek vra dat jy hierdie dokument en die saak waaroor dit gaan met ander Gereformeerde vroue (en mans) bespreek. Dit kan op ’n informele manier gebeur (tydens ’n kuier) of op meer formele maniere (tydens die byeenkoms van ’n Bybelstudie- of selgroep, of by ’n byeenkoms van Susters).
Vierdens vra ek dat jy sal insien dat Gereformeerde vroue nie so magteloos is om die situasie te verander soos hulle partykeer dink nie. Gereformeerde vroue is volwaardige belydende lidmate. Hulle het ook, soos die manlike lidmate, stemreg in die kerk, en hulle stemme tel nie minder as die van mans nie. Twee of meer vroue in ’n gemeente kan ’n skrywe aan die kerkraad rig waarin hulle vra dat ’n gemeentevergadering oor die saak gehou word. Tydens die vergadering kan daar na bespreking gevra word dat die gemeente oor die saak van VIDA stem. Indien ’n meerderheid van die gemeente ten gunste van die saak stem, is dit die gemeente se amptelike standpunt. Aangesien die (enkel manlike) Sinode bloot op grond van getallemeerderheid besluit het wat die kerk se standpunt oor VIDA moet wees, het ’n gemeente sekerlik ook die reg om deur stemming sy standpunt te bepaal.
Ten slotte, vyfdens, vra ek jou kreatiwiteit en persoonlike inisiatief in die bevordering van hierdie goeie en Bybelse saak. Dit mag wees dat jy nie self die begeerte het om ’n predikant of ouderling in die GKSA te wees nie, en dat daar ook niemand in jou familie of vriendekring is wat so geroepe voel nie. Maar, iewers in die geskiedenis en in die toekoms, was en is daar vroue, Gereformeerde Susters met die nodige gawes en roepingsbesef, wat in hulle amptelike diens aan die Here gestuit is, of wat verhinder sal word, bloot omdat hulle chromosome volgens die Sinode nie reg is nie. Dit is verkeerd dat die kerk op hierdie manier die

kosbare gawes wat die Heilige Gees gee verloor. Daar moet ’n einde kom aan hierdie wanpraktyk in die kerk van die Here, en jy moet dink wat jy in jou persoonlike omstandighede aan hierdie saak kan doen.

5. Ten slotte

Ongetwyfeld sal hierdie dokument ook negatiewe reaksie en kritiek ontlok. Uit die geskiedenis van die saak het ek geleer hoe verbete sommige persone in die kerk sal stry, en wat hulle alles sal doen om die diskriminasie teen die vrou in die kerk te laat voortduur. Daar mag selfs ’n dokument verskyn wat sal probeer om al die aansprake wat in hierdie dokument gemaak is, te weerlê, en wat sal poog om te bewys dat die onderdanigheid van alle vroue aan alle mans God se Bybelse bedoeling en die “verordineerde” plek vir die Gereformeerde vrou is. Ek vra maar net dat jy dan as selfstandige en volwasse gelowige self alles opnuut vanuit die Skrif en vanuit jou persoonlike verhouding met Jesus Christus oorweeg.

Vir dertig jaar het ek presies net dit gedoen. Ek het my selfs vir meer as ’n maand heeltemal van alles en almal afgesonder om hierdie saak ernstig en biddend voor die Here te bestudeer en uit te maak. En ek getuig met die grootste vrymoedigheid dat ek (in al die jare wat ek met die saak besig is) niks gehoor of gelees het wat my oortuig het dat God die amptelike dienswerk van vroue verhinder nie. Ek glo ook dat ek sal sondig as ek oor hieroor stilbly en dat dit my Godgegewe roeping is om die saak van VIDA in die kerke te bevorder.

God het my oortuiging ook bevestig deur verskeie bekwame vroue met wonderlike gawes vir die bediening wat ek oor die jare kon ontmoet. Van hulle werk reeds met groot vrug en seën in verskillende kerkverbande en gemeentes. Hoe jammer dat hulle in ons kerk gemis word!

Kom ons doen saam iets vir hierdie goeie saak.

Dr Wim Vergeer
(Maart 2018)